



RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

STANDAARD VAN ALGEMEEN ERKENDE

REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

INKOMSTE UIT UITRUILTRANSAKSIES

(AERP 9)

Erkenning

Hierdie Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) berus hoofsaaklik op die International Public Sector Accounting Standard (IPSAS) oor *Revenue from Exchange Transactions* wat uitgegee is deur die International Federation of Accountants' International Public Sector Accounting Standards Board (IPSASB). Die International Federation of Accountants (IFAC) is in 1977 gestig met die missie om die professie deur geharmonieerde standaarde te ontwikkel en te verbeter. IPSASB het 'n omvattende korpus van IPSAS'e uitgegee, wat gebruik sal word om toekomstige Standaarde van AERP te produseer. Uittreksels uit die IPSAS oor *Revenue from Exchange Transactions* word met die toestemming van die IPSASB in hierdie Standaard van AERP gereproduseer.

Die goedgekeurde teks van die IPSAS'e is dié wat deur die IFAC in die Engelse taal gepubliseer is. Die IPSAS'e is vervat in die IFAC se Handbook of International Public Sector Accounting Pronouncements en kan verkry word van:

International Federation of Accountants

545 Fifth Avenue, 14th Floor

New York, New York 10017 USA

Internet: <http://www.ifac.org>

Kopiereg vir IPSAS'e, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IPSASB is gevestig in die IFAC en die bepalings en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.

Raad op Rekeningkundige Standaarde

Posbus 74129

Lynnwoodrif

0040

Kopiereg © 2012 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins gereproduseer of weergegee word nie.

Toestemming om beperkte uittreksels uit die publikasie te reproduseer sal gewoonlik nie weerhou word nie.

Inhoud

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk Inkomste uit Uitruiltransaksies

	Paragraawe
Inleiding	.01 - .03
Doelstelling	.04 - .11
Omvang	.12 - .14
Woordomsrywings	.13 - .14
Inkomste	.15 - .18
Meting van inkomste	.19
Identifikasie van die transaksie	.20 - .28
Lewering van dienste	.29 - .33
Verkoop van goedere	.34 - 38
Rente, tantième en dividende of soortgelyke uitkerings	.39 - .40
Openbaarmaking	.41 - .42
Oorgangsbepalings	.41
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.42
Wysiging aan die Standaarde van AERP	.43 - .44
Datum van inwerkingtrede	.43
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.44
Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas	.45 - .46
Herroeping van die Standaard van AERP oor <i>Inkomste uit Uitruiltransaksies</i> (2006)	
Bylae	
Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor <i>Revenue from Exchange Transactions</i> (Julie 2001)	

INKOMSTE UIT UITRUILTRANSAKSIES

Hierdie Standaard is oorspronklik in Mei 2006 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) uitgegee. Sedertdien is dit deur die volgende gewysig:

- Verbeterings aan die Standaarde van AERP wat in Februarie 2010 deur die Raad uitgegee is.
- Gevolglike wysigings toe die volgende Standaarde van AERP in werking getree het:
 - AERP 23 *Inkomste uit Nie-uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte)*
 - AERP 104 *Finansiële Instrumente*
- Verbeterings aan die Standaarde van AERP wat in Maart 2012 deur die Raad uitgegee is.

Inleiding

Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig (WOFB), van die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) te bepaal.

Die Raad moet AERP bepaal vir:

- (a) departemente (met inbegrip van nasionale en provinsiale en regeringskomponente);
- (b) openbare entiteite;
- (c) handelsentiteite (soos in die WOFB omskryf);
- (d) grondwetlike instellings;
- (e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse of ander entiteite onder die eienaarsbeheer van 'n munisipaliteit; en
- (f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Bogenoemde word gesamentlik “entiteite” genoem.

Die Raad het die toepassing van Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AERP) soos op 1 April 2012, soos dit deur die Raad op Rekeningkundige Praktyke gekodifiseer en deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geotrooieerde Rekenmeesters uitgegee is, goedgekeur om AERP te wees vir:

- (a) staatsakeondernemings (soos in die WOFB omskryf);
- (b) enige ander entiteit, uitgesonderd 'n munisipaliteit, waarvan die gewone aandele, potensiële gewone aandele of skuld openbaar op die kapitaalmarkte verhandelbaar is; en
- (c) entiteite onder die eienaarsbeheer van enigeen van hierdie entiteite.



AERP 9

Die Raad het die toepassing van International Financial Reporting Standards (IFRS'e) uitgegee deur die International Accounting Standards Board goedgekeur as AERP vir hierdie entiteite waar hulle IFRS'e toepas..

Finansiële state moet beskryf word as sou dit aan Standaarde van AERP voldoen slegs indien hulle aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard van AERP en enige verbandhoudende Vertolkings van die Standaarde van AERP voldoen.

Enige beperking op die toepaslikheid van spesifieke Standaarde of Vertolkings word in daardie Standaarde of Vertolkings van die Standaarde van AERP duidelik gemaak.

Die Standaard van AERP word in paragraaf .01 tot .46 uiteengesit. Alle paragrawe in hierdie Standaard van AERP is ewe gesaghebbend. Die status en gesag van bylaes word in die aanhef tot elke bylae behandel. Hierdie Standaard moet gelees word in die konteks van die doelstelling daarvan, die grondslag vir gevolgtrekkings, indien toepaslik, die *Voorwoord tot Standaarde van AERP*, die *Voorwoord tot die Vertolking van die Standaarde van AERP* en die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State*.

Standaarde van AERP en Vertolkings van die Standaarde van AERP moet ook in samehang gelees word met enige lasgewings wat deur die Raad uitgegee word waarin oorgangsbepalings voorgeskryf word, asook saam met enige regulasies wat deur die Minister van Finansies uitgereik is ten opsigte van die datums van inwerkingtrede van die Standaarde van AERP, soos in die Staatskoerant gepubliseer is.

Daar kan 'n verwysing wees na 'n Standaard van AERP wat nog nie uitgegee is op die tydstip wanneer hierdie Standaard uitgegee word nie. Dit word gedoen om te vermy om die Standaard wat reeds uitgegee is, te verander wanneer 'n latere Standaard uitgegee word. Paragraaf .11 van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* voorsien in die afwesigheid van uitdruklike leiding 'n grondslag vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide.

Doelstelling

- .01 Die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State* omskryf inkomste as “die bruto invloed van ekonomiese voordele of dienspotensiaal gedurende die verslagdoeningstydperk wanneer daardie invloed 'n toename in netto bates tot gevolg het, buiten toenames wat met bydraes van eienaars verband hou”. Hierdie Standard gebruik die term ‘inkomste’, wat sowel inkomste as wins omvat. Sekere spesifieke items wat as inkomste erken moet word, word in ander Standaarde behandel en word uitgesluit uit die omvang van hierdie Standaard. Wins wat uit die verkoop van eiendom, aanleg en toerusting voortspruit, word spesifiek in die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* behandel en word nie in hierdie Standaard gedek nie.
- .02 Die doel met hierdie Standaard is om die rekeningkundige behandeling van inkomste wat uit uitruiltransaksies en -gebeure voortspruit, voor te skryf.
- .03 Die hoofsaak by die rekeningkundige verantwoording van inkomste is om te bepaal wanneer om inkomste te erken. Inkomste word erken wanneer dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal na die entiteit sal vloei en wanneer hierdie voordele betroubaar gemeet kan word. Hierdie Standaard identifiseer die omstandighede waarin daar aan hierdie maatstawwe voldoen sal word en die inkomste derhalwe erken sal word. Dit bied ook praktiese riglyne oor die toepassing van hierdie maatstawwe.

Omvang

- .04 ***'n Entiteit wat finansiële state ooreenkomstig die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel en aanbied, moet hierdie Standaard toepas wanneer inkomste wat uit die volgende uitruiltransaksies en gebeure voortspruit, rekeningkundig verantwoord word:***
 - (a) *Die lewering van dienste*
 - (b) *Die verkoop van goedere*
 - (c) *Die gebruik van entiteitsbates deur ander, wat rente, tantièmes en dividende of vergelykbare uitkerings oplewer.*
- .05 ***Hierdie Standaard handel nie met inkomste wat uit nie-uitruiltransaksies voortspruit nie (kyk die Standaard van AERP oor Inkomste uit Nie-uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte)).***
- .06 Entiteite kan inkomste verkry uit uitruil- of nie-uitruiltransaksies. 'n Uitruiltransaksie is een waarin die entiteit bates of dienste ontvang, of waarin laste uitgewis word, en bied regstreeks ongeveer gelyke waarde (hoofsaaklik in die vorm van goedere, dienste of gebruik van bates) aan die ander party in ruil daarvoor. Voorbeelde van uitruiltransaksies is die volgende:

- (a) die koop of verkoop van goedere of dienste; of
 - (b) die verhuring van eiendom, aanleg en toerusting teen marktariewe.
- .07 By die onderskeiding tussen uitruil- en nie-uitruilinkomste, moet die wese eerder as die vorm van die transaksie oorweeg word. Voorbeelde van nie-uitruiltransaksies behels inkomste uit die gebruik van soewereine bevoegdhede (byvoorbeeld direkte en indirekte belastinge, aksyns, en boetes), toelaes en skenkings.
- .08 Die lewering van dienste behels tipies die uitvoering deur die entiteit van 'n ooreengekome taak oor 'n ooreengekome tydperk. Die dienste kan binne 'n enkele tydperk of oor meer as een tydperk gelewer word. Voorbeelde van dienste wat entiteite lewer en waarvoor inkomste tipies in ruil ontvang word, kan die voorsiening van behuising, die bestuur van waterfasiliteite, die bestuur van tolpaai en die bestuur van oordragbetalings insluit. Sommige ooreenkomste vir die lewering van dienste is regstreeks verwant aan boukontrakte, byvoorbeeld kontrakte insake die dienste van projekbestuurders en argitekte. Inkomste wat uit hierdie ooreenkomste voortspruit, word nie in hierdie Standaard behandel nie, maar word hanteer ooreenkomstig die vereistes vir boukontrakte soos dit in die Standaard van AERP oor *Boukontrakte* gespesifiseer word.
- .09 Goedere sluit goedere in wat deur die entiteit geproduseer word met die doel om dit te verkoop, soos publikasies, en goedere wat gekoop word met die oog op herverkoop, soos handelsware of grond en ander eiendom wat gehou word met die oog op herverkoop.
- .10 Die gebruik deur ander van entiteitsbates gee aanleiding tot inkomste in die vorm van:
- (a) rente — koste vir die gebruik van kontant of kontantekwivalente of bedrae verskuldig aan die entiteit;
 - (b) tantièmes — koste vir die gebruik van langtermynbates van die entiteit, byvoorbeeld patente, handelsmerke, outeursregte en rekenaarprogrammatuur; en
 - (c) dividende of vergelykbare uitkerings — uitkerings van surplusse aan eienaars in verhouding tot hul besit van 'n bepaalde klas kapitaal.
- .11 Hierdie Standaard handel nie oor inkomste nie wat voortspruit uit:
- (a) huurooreenkomste (kyk die Standaard van AERP oor *Hure*);
 - (b) dividende of vergelykbare uitkerings wat voortspruit uit beleggings wat rekeningkundig verantwoord word ooreenkomstig die ekwiteitsmetode (kyk die Standaard van AERP oor *Beleggings in Geassosieerdes*);
 - (c) versekeringskontrakte binne die omvang van die International Financial Reporting Standard (IFRS) oor *Insurance Contracts*;
 - (d) veranderinge in die billike waarde van finansiële bates en finansiële laste of die vervreemding daarvan (kyk die tersaaklike Standaard van AERP oor

Finansiële Instrumente);

- (e) veranderinge in die waarde van ander bedryfsbates,
- (f) aanvanklike erkenning en uit veranderinge in die billike waarde van biologiese bates wat verband hou met landboubedrywigheide (kyk die Standaard van AERP oor *Landbou*);
- (g) aanvanklike erkenning van landbouprodukte (kyk die Standaard van AERP oor *Landbou*); en
- (h) die ontginning van mineraalerts.

Woordomsrywings

.12 Die volgende terme word in hierdie Standaard gebruik, met die gespesifiseerde betekenis:

Uitruiltransaksies is transaksies waarin een entiteit bates of dienste ontvang, of sy laste uitgewis word, en regstreeks ongeveer gelyke waarde (primêr in die vorm van kontant, goedere, dienste of gebruik van bates) in ruil daarvoor aan 'n ander entiteit gee.

Billike waarde is die bedrag waarvoor 'n bate verruil kan word, of 'n las vereffen kan word, tussen ingeligte, gewillige partye in 'n armlengtetransaksie.

Nie-uitruiltransaksies is transaksies wat nie uitruiltransaksies is nie. In 'n nie-uitruiltransaksie ontvang 'n entiteit waarde van 'n ander entiteit sonder om regstreeks ongeveer gelyke waarde in ruil te gee, of gee hy waarde aan 'n ander entiteit sonder om regstreeks ongeveer gelyke waarde in ruil te ontvang. **Inkomste** is die bruto invloed van ekonomiese voordele of dienspotensiaal gedurende die verslagdoeningstydperk wanneer daardie invloed 'n toename in netto bates tot gevolg het, buiten toenames wat met bydraes van eienaars verband hou.

Terme wat in ander Standaarde van AERP omskryf word, word in hierdie Standaard gebruik met dieselfde betekenis as in daardie ander Standaarde.

Inkomste

.13 Inkomste sluit slegs die bruto invloed van ekonomiese voordele of dienspotensiaal in wat deur die entiteit vir eie rekening ontvang word en ontvangbaar is. Bedrae wat as agent van die entiteit of namens derdes ingevorder word, byvoorbeeld die invordering van telefoon- en elektrisiteitsbetalings deur die poskantoor namens entiteite wat sulke dienste verskaf, is nie ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat na die entiteit vloei nie en het nie toenames in bates of afnames in laste tot gevolg nie. Derhalwe is hulle uitgesluit van inkomste. In 'n agentskapsverhouding sluit die bruto invloed van ekonomiese voordele of dienspotensiaal insgelyks bedrae in wat namens die prinsipaal ingevorder is en wat nie toenames in netto bates vir die entiteit tot gevolg het nie. Die bedrae wat namens die prinsipaal ingevorder is, is nie inkomste nie. In plaas daarvan is inkomste die bedrag van enige kommissie wat ontvang word en ontvangbaar is vir die invordering of hantering van die bruto

vloei.

- .14 Finansieringsinvloei, en veral lenings, voldoen nie aan die omskrywing van inkomste nie, omdat dit 'n gelyke verandering in sowel bates as laste tot gevolg het en geen impak op netto bates het nie. Finansieringsinvloei word direk na die staat van finansiële stand geneem en by die saldo's van bates en laste gevoeg.

Meting van inkomste

- .15 *Inkomste word gemeet aan die billike waarde van die teenprestasie wat ontvang word of ontvangbaar is.***

- .16 Die inkomstebedrag wat uit 'n transaksie voortspruit, word gewoonlik bepaal deur ooreenkoms tussen die entiteit en die koper of gebruiker van die bate of diens. Dit word gemeet aan die billike waarde van die teenprestasie wat ontvang word of ontvangbaar is, met inagneming van die bedrag van enige handelskortings en volumekortings wat deur die entiteit toegelaat word.

- .17 In die meeste gevalle is die teenprestasie in die vorm van kontant of kontantekwivalente en die inkomstebedrag is die bedrag aan kontant of kontantekwivalente wat ontvang word of ontvangbaar is. Indien die invloei van kontant of kontantekwivalente egter uitgestel word, kan die billike waarde van die teenprestasie minder wees as die nominale bedrag aan kontant wat ontvang word of ontvangbaar is. 'n Entiteit kan byvoorbeeld rentevrye krediet aan die koper verleen of 'n promesse van die koper aanvaar waarop 'n rentekoers benede die markkoers as teenprestasie vir die verkoop van goedere verskyn. Indien die reëling in wese 'n finansieringstransaksie daarstel, word die billike waarde van die teenprestasie bepaal deur verdiskontering van alle toekomstige ontvangste deur middel van 'n toegerekende rentekoers. Die toegerekende rentekoers is duideliker bepaalbaar uit óf:

- (a) die heersende koers vir 'n vergelykbare instrument van 'n uitreiker met 'n vergelykbare kredietgradering; óf
- (b) 'n rentekoers wat die nominale bedrag van die instrument diskonteer na die huidige kontantverkoopprys van die goedere of dienste.

Die verskil tussen die billike waarde en die nominale bedrag van die teenprestasie word as rente-inkomste erken – ooreenkomstig paragraaf .34 en .35 en ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente*.

- .18 Indien goedere of dienste uitgeruil of geruil word vir goedere of dienste van vergelykbare aard en waarde, word die uitruiling nie beskou as 'n transaksie wat inkomste genereer nie. Dit is dikwels die geval met kommoditeite soos olie of melk waar verskaffers voorraad op verskillende plekke ruil om betyds in die vraag op 'n bepaalde plek te voorsien. Indien goedere verkoop of dienste gelewer word in ruil vir nievergelykbare goedere of dienste, word die uitruiling beskou as 'n transaksie wat inkomste genereer. Die inkomste word gemeet aan die billike waarde van die goedere of dienste wat ontvang word, aangesuiwer met die bedrag van enige kontant of kontantekwivalente wat oorgedra word. Indien die billike waarde van die goedere of dienste nie betroubaar gemeet kan

word nie, word die inkomste gemeet aan die billike waarde van die goedere of dienste wat prysgegee word, aangesuiwer met die bedrag van enige kontant of kontantekwivalente wat oorgedra word.

Identifikasie van die transaksie

- .19 Die erkenningsmaatstawwe in hierdie Standaard word gewoonlik afsonderlik op elke transaksie toegepas. In sekere omstandighede is dit egter nodig om die erkenningsmaatstawwe op die afsonderlik identifiseerbare komponente van 'n enkele transaksie toe te pas ten einde die wese van die transaksie weer te gee. Indien die prys van 'n produk byvoorbeeld 'n identifiseerbare bedrag vir latere versiening insluit, word daardie bedrag uitgestel en oor die tydperk waartydens die diens verrig word, as inkomste erken. In teenstelling daarmee word die erkenningsmaatstawwe op twee of meer transaksies saam toegepas as hulle op so 'n wyse gekoppel is dat die gevolg nie verstaan kan word sonder verwysing na die reeks transaksies in die geheel nie. 'n Entiteit kan byvoorbeeld goedere verkoop en terselfdertyd 'n afsonderlike ooreenkoms aangaan om die goedere in 'n later stadium terug te koop, en derhalwe die wesenlike uitwerking van die transaksie tot niet te maak; in so 'n geval word die twee transaksies saam hanteer.

Lewering van dienste

- .20 *Indien die uitkoms van 'n transaksie wat die lewering van dienste behels, betroubaar geraam kan word, moet inkomste wat met die transaksie verbind word, erken word met verwysing na die stadium van voltooiing van die transaksie teen die verslagdoeningsdatum. Die uitkoms van 'n transaksie kan betroubaar geraam word indien daar aan al die volgende voorwaardes voldoen word:***
- (a) *die bedrag van die inkomste betroubaar gemeet kan word;***
 - (b) *dit waarskynlik is dat die ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat met die transaksie verband hou na die entiteit sal vloei;***
 - (c) *die stadium van voltooiing van die transaksie teen die verslagdoeningsdatum betroubaar gemeet kan word; en***
 - (d) *die koste aangegaan vir die transaksie en die koste om die transaksie te voltooi, betroubaar gemeet kan word.***
- .21 Daar word dikwels na die erkenning van inkomste met verwysing na die stadium van voltooiing van 'n transaksie verwys as die persentasie-van-voltooiing-metode. Volgens hierdie metode word inkomste erken in die verslagdoeningstydperke waarin die dienste gelewer word. 'n Entiteit wat eiendomswaardasiedienste verskaf, sal byvoorbeeld inkomste erken na gelang die individuele waardasies afgehandel word. Die erkenning van inkomste op hierdie grondslag verskaf nuttige inligting oor die omvang van die diensbedrywigheid en die prestasie gedurende 'n tydperk. Die Standaard van AERP oor *Boukontrakte* vereis ook die erkenning van inkomste op hierdie grondslag. Die vereistes van daardie Standaard is algemeen van toepassing op

die erkenning van inkomste en die verwante uitgawes vir 'n transaksie wat die lewering van dienste behels.

- .22 Inkomste word slegs erken indien dit waarskynlik is dat die ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat met die transaksie verband hou, na die entiteit sal vloei. Indien daar egter onsekerheid bestaan oor die invorderbaarheid van 'n bedrag wat reeds by inkomste ingesluit is, word die oninvorderbare bedrag, of die bedrag ten opsigte waarvan invordering opgehou het om waarskynlik te wees, as 'n uitgawe erken eerder as 'n aansuiwering van die inkomstebedrag wat oorspronklik erken is.

- .23 'n Entiteit is gewoonlik in staat om betroubare ramings te maak nadat hy met die ander partye by die transaksie ooreengekom het oor die volgende:

- (a) elke party se afdwingbare regte betreffende die diens wat gelewer en deur die partye ontvang moet word;
- (b) die teenprestasie wat geruil moet word; en
- (c) die wyse en voorwaardes van vereffening.

Dit is gewoonlik ook vir die entiteit nodig om 'n doeltreffende interne finansiële begroting- en verslagdoeningstelsel te hê. Die entiteit gaan die inkomsteramings na en hersien dit indien nodig terwyl die diens gelewer word. Die behoefte aan sulke hersienings dui nie noodwendig aan dat die uitkoms van die transaksie nie betroubaar geraam kan word nie.

- .24 Die stadium van voltooiing van 'n transaksie kan op verskillende maniere bepaal word. 'n Entiteit gebruik die metode wat die diens wat gelewer is, betroubaar meet. Na gelang van die aard van die transaksie kan die metodes die volgende insluit:

- (a) opnames van werk wat uitgevoer is;
- (b) dienste tot op datum gelewer as 'n persentasie van die totale dienste wat gelewer moet word; of
- (c) die verhouding van die koste wat tot op datum aangegaan is tot die geraamde totale koste van die transaksie. Slegs koste wat die dienste weerspieël wat tot op datum gelewer is, word ingesluit in uitgawes wat tot op datum aangegaan is. Slegs koste wat aandui watter dienste gelewer is of gelewer moet word, word ingesluit in die geraamde totale koste van die transaksie.

Vorderingsbetalings en voorskotte wat van klante ontvang word, weerspieël dikwels nie die dienste wat gelewer is nie.

- .25 Indien dienste deur 'n onbepaalbare getal handelinge oor 'n gespesifiseerde tydraamwerk gelewer word, word inkomste vir praktiese doeleindes op 'n reguitlyngrondslag oor die gespesifiseerde tydraamwerk erken, tensy daar bewyse is dat 'n ander metode die stadium van voltooiing beter verteenwoordig. Indien 'n spesifieke handeling veel beduidender is as enige van die ander handelinge, word die erkenning van inkomste uitgestel totdat die beduidende handeling uitgevoer word.

- .26 Indien die uitkoms van die transaksie waarby die lewering van dienste betrokke is, nie betroubaar geraam kan word nie, moet inkomste slegs erken word in die mate waartoe die uitgawes wat erken word, verhaalbaar is.**
- .27 Gedurende die vroeë fases van 'n transaksie is dit dikwels die geval dat die uitkoms van die transaksie nie betroubaar geraam kan word nie. Desnieteenstaande mag dit waarskynlik wees dat die entiteit die transaksiekoste wat aangegaan is, sal verhaal. Derhalwe word inkomste slegs erken in die mate waartoe koste wat aangegaan is, na verwagting verhaalbaar is. Aangesien die uitkoms van die transaksie nie betroubaar geraam kan word nie, word geen surplus erken nie.
- .28 Indien die uitkoms van 'n transaksie nie betroubaar geraam kan word nie en dit nie waarskynlik is dat die koste wat aangegaan is, verhaal sal kan word nie, word inkomste nie erken nie en word die koste wat aangegaan is, as 'n uitgawe erken. Sodra die onsekerhede wat voorkom het dat die uitkoms van die kontrak betroubaar geraam word, nie meer bestaan nie, word inkomste ooreenkomstig paragraaf .20 eerder as ooreenkomstig paragraaf .26 erken.

Verkoop van goedere

- .29 Inkomste uit die verkoop van goedere moet erken word wanneer daar aan al die volgende voorwaardes voldoen is:**
- (a) die entiteit die beduidende risiko's en belonings van eienaarskap van die goedere aan die koper oorgedra het;**
 - (b) die entiteit nóg voortdurende bestuursbetrokkenheid in die mate wat gewoonlik met eienaarskap verband hou, nóg effektiewe beheer oor die goedere wat verkoop is, behou;**
 - (c) die bedrag van die inkomste betroubaar gemeet kan word;**
 - (d) dit waarskynlik is dat die ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat met die transaksie verband hou na die entiteit sal vloei; en**
 - (e) die koste wat ten opsigte van die transaksie aangegaan is of wat aangegaan moet word, betroubaar gemeet kan word.**
- .30 Die beoordeling van wanneer 'n entiteit die beduidende risiko's en belonings van eienaarskap aan die koper oorgedra het, vereis 'n ondersoek van die omstandighede van die transaksie. In die meeste gevalle val die oordrag van die risiko's en belonings van eienaarskap saam met die oordrag van die wetlike eiendomsreg of die oorgaan van besit op die koper. Dit is die geval met die meeste verkope. In sekere ander gevalle vind die oordrag van risiko's en belonings van eienaarskap egter op 'n tyd plaas wat verskil van dié van die oordrag van wetlike eiendomsreg of die oorgaan van besit.
- .31 Indien die entiteit wesenlike risiko's van eienaarskap behou, is die transaksie nie 'n verkoop nie en word inkomste nie erken nie. 'n Entiteit kan op 'n hele aantal maniere 'n beduidende risiko van eienaarskap behou. Voorbeelde van situasies

waarin die entiteit die wesenlike risiko's en belonings van eienaarskap kan behou, is:

- (a) indien die entiteit 'n verpligting behou vir onbevredigende prestasie wat nie deur normale waarborgbepalings gedek word nie;
- (b) indien die ontvangs van die inkomste uit 'n bepaalde verkoop onderworpe is aan die verkryging van inkomste deur die koper uit sy verkoop van die goedere (byvoorbeeld waar 'n staatspublikasiebedrywigheid opvoedkundige materiaal onder skole versprei op 'n verkoop-of-teruggawe-grondslag);
- (c) indien die goedere versend word onderhewig aan installasie en die installasie 'n wesenlike deel van die kontrak vorm wat nog nie deur die entiteit afgehandel is nie; en
- (d) indien die koper die reg het om die koop te kanselleer om 'n rede wat in die verkoopskontrak gespesifiseer word en die entiteit onseker is oor die waarskynlikheid van teruggawe.

.32 Indien die entiteit slegs 'n onbeduidende risiko van eienaarskap behou, is die transaksie 'n verkoop en word inkomste erken. 'n Verkoper kan byvoorbeeld die wetlike eiendomsreg op die goedere uitsluitlik behou om die invorderbaarheid van die verskuldigde bedrag te beskerm. Indien die entiteit die beduidende risiko's en belonings van eienaarskap in so 'n geval oorgedra het, is die transaksie 'n verkoop en word inkomste erken. 'n Ander voorbeeld van 'n entiteit wat slegs 'n onbeduidende risiko van eienaarskap behou, kan 'n verkoop wees waar 'n terugbetaling aangebied word as die koper nie tevrede is nie. Inkomste word in sulke gevalle ten tyde van die verkoop erken, mits die verkoper toekomstige teruggawes betroubaar kan raam en 'n aanspreeklikheid vir teruggawes erken op grond van vorige ervaring en ander tersaaklike faktore.

.33 Inkomste word slegs erken indien dit waarskynlik is dat die ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat met die transaksie verband hou, na die entiteit sal vloei. In sommige gevalle mag dit, tot tyd en wyl die teenprestasie ontvang word of totdat alle onsekerheid uit die weg geruim word, onwaarskynlik wees. Die inkomste kan byvoorbeeld afhanklik wees van die vermoë van 'n ander entiteit om as deel van die kontrak goedere te verskaf en indien daar enige twyfel bestaan dat dit sal gebeur, kan erkenning uitgestel word totdat dit plaasgevind het. Indien die goedere verskaf word, word die onsekerheid uit die weg geruim en word inkomste erken. Indien daar egter onsekerheid bestaan oor die invorderbaarheid van 'n bedrag wat reeds by inkomste ingesluit is, word die oninvorderbare bedrag, of die bedrag ten opsigte waarvan invordering opgehou het om waarskynlik te wees, as 'n uitgawe erken eerder as 'n aansuiwering van die inkomstebedrag wat oorspronklik erken is.

Rente, tantièmes en dividende of vergelykbare uitkerings

.34 *Inkomste wat voortspruit uit andere se gebruik van entiteitsbates wat rente, tantièmes en dividende of vergelykbare uitkerings oplewer, moet met gebruik van die rekeningkundige behandelings soos in paragraaf .35*

uiteengesit, erken word wanneer:

- (a) dit waarskynlik is dat die ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat met die transaksie verband hou, na die entiteit sal vloei; en***
- (b) die bedrag van die inkomste betroubaar gemeet kan word.***

.35 Inkomste moet met gebruik van die volgende rekeningkundige behandelings erken word:

- (a) rente moet met gebruik van die effektiwerentekoersmetode soos dit in die Standaard van AERP oor Finansiële Instrumente uiteengesit word, erken word;***
- (b) tantièmes moet ooreenkomstig die wese van die betrokke ooreenkoms erken word namate hulle verdien word; en***
- (c) dividende of vergelykbare uitkerings moet erken word wanneer die eienaar se reg om betaling te ontvang vasgestel word.***

.36 Indien onbetaalde rente voor die verkryging van 'n rentedraende belegging opgeloop het, word die daaropvolgende ontvangs van rente toegewys tussen voorverkrygings- en naverkrygingstydperke; slegs die naverkrygingsgedeelte word as inkomste erken. Indien dividende of vergelykbare uitkerings uit voorverkrygingsurplusse verklaar word, word daardie dividende of vergelykbare uitkerings afgetrek van die koste van die bygedraagde kapitaal. Indien dit moeilik is om so 'n toedeling te maak behalwe op 'n arbitrêre manier, word dividende of vergelykbare uitkerings as inkomste erken, tensy hulle duidelik 'n verhaling van deel van die koste van die bygedraagde kapitaal verteenwoordig.

.37 Tantièmes, soos petroleumtantièmes, val ooreenkomstig die bepalings van die betrokke ooreenkoms toe en word gewoonlik op daardie grondslag erken tensy dit, met inagneming van die wese van die ooreenkoms, toepasliker is om inkomste op 'n ander sistematiese en rasonale grondslag te erken.

.38 Inkomste word slegs erken indien dit waarskynlik is dat die ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat met die transaksie verband hou, na die entiteit sal vloei. Indien daar egter onsekerheid is oor die invorderbaarheid van 'n bedrag wat reeds by inkomste ingesluit is, word die oninvorderbare bedrag, of die bedrag ten opsigte waarvan invordering opgehou het om waarskynlik te wees, as 'n uitgawe erken eerder as 'n aansuiwering van die inkomstebedrag wat oorspronklik erken is.

Openbaarmaking

.39 Die entiteit moet die volgende openbaar maak:

- (a) die rekeningkundige beleide wat vir die erkenning van inkomste aanvaar is, met inbegrip van die metodes wat aanvaar is om die stadium van voltooiing van transaksies waarby die lewering van dienste betrokke is, vas te stel;***
- (b) die bedrag van elke beduidende kategorie van inkomste wat gedurende***

die tydperk erken word, met inbegrip van inkomste wat voortspruit uit:

- (i) die lewering van dienste;*
- (ii) die verkoop van goedere;*
- (iii) rente;*
- (iv) tantièmes; en*
- (v) dividende of vergelykbare uitkerings; en*

(c) die inkomstebedrag wat voortspruit uit die uitruiling van goedere of dienste wat ingesluit is in elke beduidende kategorie van inkomste.

- .40 Riglyne oor die openbaarmaking van enige voorwaardelike bates en voorwaardelike aanspreeklikhede kan aangetref word in die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates*. Voorwaardelike bates en voorwaardelike aanspreeklikhede kan voortspruit uit transaksies soos waarborgkoste, eise, boetes of moontlike verliese.

Oorgangsbepalings

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

- .41 *Die oorgangsbepalings wat by die aanvanklike aanvaarding van hierdie Standaard deur entiteite toegepas moet word, word in ('n) lasgewing(s) voorgeskryf. Die bepalinge van hierdie Standaard moet met elke toepaslike lasgewing saamgelees word.*

Wysiging aan Standaarde van AERP

- .42 *Paragraaf .11 en .13 is gewysig deur die Verbeterings aan die Standaarde van AERP wat op 1 April 2012 uitgereik is. 'n Entiteit moet hierdie wysigings terugwerkend toepas ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Ramings en Foute.*

Datum van inwerkingtrede

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

- .43 *'n Entiteit moet hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat begin op of ná 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal word in 'n regulasie wat ooreenkomstig artikel 91(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur Wet No. 1 van 1999, soos gewysig, publiseer sal word.*

Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas

- .44 *'n Entiteit moet wysigings aan hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat op of ná 1 April 2013 begin.*



AERP 9

Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit hierdie Standaard toepas vir 'n tydperk wat voor 1 April 2013 begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.

Herroeping van die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitruiltransaksies* (2006)

- .45 Hierdie Standaard vervang die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitruiltransaksies* wat in 2006 uitgereik is.

Bylae

Die bylae is slegs verduidelikend en maak nie deel uit van hierdie Standaard nie. Die doel met die bylae is om die toepassing van die Standaard toe te lig om sodoende te help met opheldering van die betekenis daarvan in verskillende situasies. Die voorbeelde fokus op bepaalde aspekte van 'n transaksie en is nie 'n omvattende bespreking van al die tersaaklike faktore wat die erkenning van inkomste kan beïnvloed nie. Die voorbeelde veronderstel oor die algemeen dat die inkomstebedrag betroubaar gemeet kan word, dat dit waarskynlik is dat die ekonomiese voordele of dienspotensiaal na die entiteit sal vloei en dat die uitgawes wat aangegaan word of wat aangegaan moet word, betroubaar gemeet kan word. Die voorbeelde wysig nie die Standaard of hef dit op nie.

Entiteite kan inkomste verkry uit uitruil- of nie-uitruiltransaksies. Hierdie Standaard handel slegs met inkomste wat uit uitruiltransaksies voortspruit. Inkomste uit uitruiltransaksies word verkry uit:

- (a) die verkoop van goedere of die lewering van dienste aan derdes;*
- (b) die verkoop van goedere of die lewering van dienste aan ander entiteite; en*
- (c) die gebruik deur ander van entiteitsbates wat rente, tantièmes, dividende of vergelykbare uitkerings oplewer.*

Die toepassing van die erkenningsmaatstawwe op bepaalde transaksies kan beïnvloed word deur:

- (a) toepaslike wette, wat die tydstip bepaal waarop 'n entiteit die wesentliche risiko's en belonings van eienaarskap oordra. Derhalwe moet die voorbeelde in hierdie deel van die bylae in samehang met daardie wette gelees word; en*
- (b) die aard van die verhouding (kontraktueel of anders) tussen die entiteit wat die inkomste betaal en die entiteit wat dit ontvang (dit wil sê, die entiteite kan ooreenkom oor bepaalde tydstippe waarop die ontvangende entiteit inkomste kan erken).*

Die lewering van dienste

A1. Skoolbusvervoer

Inkomste uit busgeld wat passasiers moet betaal vir die voorsiening van skoolbusvervoer word erken volgens die vervoer wat verskaf word.

A2. Bestuur van tolpaaië

Inkomste uit die bestuur van tolpaaië word erken namate dit verdien word.

A3. Bestuur van fasiliteite, bates of dienste

Inkomste uit die bestuur van fasiliteite, bates of dienste word oor die kontraktermyn erken namate die bestuursdienste gelewer word.

A4. Wetenskaplike en tegnologiese navorsing

Inkomste wat van kliënte ontvang word uit kontrakte vir die onderneming van wetenskaplike en tegnologiese navorsing, word erken met verwysing na die stadium van voltooiing van individuele projekte.

A5. Installasiegelde

Installasiegelde word as inkomste erken met verwysing na die stadium van voltooiing van die installasie, tensy dit saamval met die verkoop van 'n produk, in welke geval dit erken word wanneer die goedere verkoop word.

A6. Diensgelde ingesluit in die prys van die produk

Indien die verkoopprys van 'n produk 'n identifiseerbare bedrag vir latere versiening insluit (byvoorbeeld naverkoopsteun en produkverbetering by die verkoop van programmatuur), word daardie bedrag uitgestel en oor die tydperk waartydens die diens verrig word, as inkomste erken. Die bedrag wat uitgestel word, is dié wat die verwagte koste van die dienste ingevolge die ooreenkoms sal dek, tesame met 'n redelike opbrengs op daardie dienste.

A7. Versekeringsagentskapkommissie

Versekeringsagentskapkommissie wat ontvang word of ontvangbaar is en waarvoor die agent nie verdere diens hoef te lewer nie, word deur die agent as inkomste erken by die effektiewe aanvangs- of hernuwingsdatums van die betrokke polisse. Indien dit egter waarskynlik is dat daar van die agent verlang sal word om gedurende die polistydperk verdere dienste te lewer, word die kommissie, of deel daarvan, uitgestel en oor die tydperk waartydens die polis van krag is, as inkomste erken.

A8. Finansiële diensgelde

Die erkenning van inkomste vir finansiële diensgelde hang van die doeleindes af waarvoor die gelde aangeslaan word en die rekeningkundige grondslag vir enige verwante finansiële instrument. Die beskrywing van gelde vir finansiële dienste is nie noodwendig 'n aanduiding van die aard en wese van die dienste wat gelewer word nie. Dit is derhalwe nodig om te onderskei tussen gelde wat 'n integrerende deel van die effektiewe opbrengs van 'n finansiële instrument is, gelde wat verdien word namate dienste gelewer word, en gelde wat verdien word by die uitvoering van 'n beduidende handeling.

(a) Gelde wat 'n integrerende deel van die effektiewe rentekoers van 'n finansiële instrument is

Sodanige gelde word oor die algemeen as 'n aanpassing aan die effektiewe rentekoers behandel. Indien die finansiële instrument egter teen billike waarde gemeet word waar die verandering in billike waarde in surplus of tekort erken word, word die gelde as inkomste erken wanneer die instrument aanvanklik erken word.

(i) Totstandbrengingsgelde wat die entiteit ontvang ten opsigte van die totstandbrenging of verkryging van 'n finansiële bate, uitgesonderd

AERP 9

een waar veranderinge in billike waarde in surplus of tekort erken word

Sodanige gelde kan vergoeding insluit vir aktiwiteite soos die evaluering van die lener se finansiële stand, die evaluering en optekening van waarborge, aanvullende sekuriteit en ander sekuriteitsreëlings, onderhandeling van die bepalinge van die instrument, opstel en verwerking van dokumente en beklinking van die transaksie. Hierdie gelde is 'n integrerende deel van die skepping van 'n betrokkenheid by die gevolglike finansiële instrument en word, tesame met die verwante transaksiekoste (soos in die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* omskryf), uitgestel en as 'n aansuiwering van die effektiewe rentekoers erken.

(ii) *Verbintenisgelde wat die entiteit ontvang het om 'n lening tot stand te bring*

Indien dit waarskynlik is dat die entiteit 'n spesifieke leningsooreenkoms sal aangaan (leningsverbintenis). Hierdie verbintenisgeld word beskou as vergoeding vir 'n deurlopende betrokkenheid by die verkryging van 'n finansiële instrument en word, tesame met die verwante transaksiekoste (soos omskryf in die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente*), uitgestel en as 'n aansuiwering van die effektiewe rentekoers erken. Indien die verbintenis verval sonder dat die entiteit die lening aangaan, word die gelde by verstryking as inkomste erken.

(iii) *Totstandbrengingsgelde wat ontvang word by uitreiking van finansiële aanspreeklikhede wat teen geamortiseerde koste gemeet word*

Hierdie gelde is 'n integrerende deel van die skepping van betrokkenheid by 'n finansiële las. Indien 'n finansiële las daarna teen geamortiseerde koste gemeet word, word die totstandbrengingsgelde wat ontvang word, tesame met die verbandhoudende transaksiekoste (soos omskryf in die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente*) wat aangegaan is, by die aanvanklike drabedrag van die finansiële aanspreeklikheid ingesluit en as 'n aansuiwering van die effektiewe rentekoers erken. 'n Entiteit onderskei gelde en koste wat 'n integrerende deel is van die effektiewe rentekoers vir die finansiële aanspreeklikheid van totstandbrengingsgelde en transaksiekoste ten opsigte van die reg om dienste soos beleggingsbestuursdienste te lewer.

(b) *Gelde wat verdien word na gelang dienste gelewer word*

(i) *Gelde gehef vir leningsdienste*

Gelde wat 'n entiteit vir leningsdienste hef, word as inkomste erken na gelang die dienste gelewer word.

(ii) *Verbintenisgelde om 'n leningsverbintenis tot stand te bring*

Indien dit onwaarskynlik is dat 'n spesifieke leningsooreenkoms aangegaan sal word, word die verbintenisgeld op 'n tydverhoudinggrondslag oor die verbintenistermyn as inkomste erken.

(iii) *Beleggingsbestuursgelde*

Gelde wat vir die bestuur van beleggings gehef word, word as inkomste erken na gelang die dienste gelewer word.

Inkrementele koste wat regstreeks aan 'n beleggingsbestuurskontrak toeskryfbaar is, word as 'n bate erken as dit afsonderlik geïdentifiseer en betroubaar gemeet kan word, en indien dit waarskynlik is dat dit verhaal sal kan word. Soos in die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* is 'n inkrementele uitgawe een wat nie aangegaan sou gewees het as die entiteit nie die beleggingsbestuurskontrak sou gekry het nie. Die bate verteenwoordig die entiteit se kontraktuele reg om voordeel uit die lewering van beleggingsbestuursdienste te trek, en word geamortiseer namate die entiteit die verwante inkomste erken. Indien die entiteit oor 'n portefeulje beleggingsbestuurskontrakte beskik, kan hy hul verhaalbaarheid op 'n portefeuljegrondslag evalueer.

Sommige finansiële dienskontrakte behels sowel die totstandbrenging van een of meer finansiële instrumente as die lewering van beleggingsbestuursdienste. 'n Voorbeeld hiervan is 'n langtermyn-maandelikse spaarkontrak gekoppel aan die bestuur van 'n poel van netto bates. Die voorsiener van die kontrak onderskei die transaksiekoste ten opsigte van die totstandbrenging van die finansiële instrument van die koste van verkryging van die reg om beleggingsbestuursdienste te lewer.

(c) *Gelde wat verdien word op die verrigting van 'n wesenlike handeling*

Die gelde word as inkomste erken wanneer die wesenlike handeling afgehandel is, soos in die voorbeelde hier onder.

(i) *Plasingsgelde vir die reël van 'n lening tussen 'n lener en 'n belegger*

Die gelde word as inkomste erken wanneer die lening gereël is.

(ii) *Lening-sindikasiegelde*

Sindikasiegeld wat ontvang word deur 'n entiteit wat 'n lening reël en wat geen deel van die leningspakket vir homself hou nie (of 'n deel teen dieselfde effektiewe rentekoers vir vergelykbare risiko as die ander deelnemers behou), is vergoeding vir die diens van sindikasie. Sodanige gelde word as inkomste erken wanneer die sindikasie voltooi is.

A9. Toegangsgelde

Inkomste uit kunsuitvoerings, bankette en ander spesiale funksies word erken wanneer die funksie plaasvind. Indien 'n intekening op 'n aantal funksies verkoop

is, word die gelde aan elke funksie toegedeel volgens 'n grondslag wat die mate waarin dienste by elke funksie gelewer word, weerspieël.

A10. Onderriggeld

Inkomste word oor die onderrigtydperk erken.

A11. Inisiërings-, toegangs- en ledegelde

Inkomste-erkenning hang af van die aard van die dienste wat gelewer word. Indien die gelde slegs vir lidmaatskap voorsiening maak en daar vir alle ander dienste of produkte afsonderlik betaal moet word, of indien daar 'n afsonderlike jaarlikse ledegeld is, word die gelde as inkomste erken wanneer daar geen beduidende onsekerheid oor die invorderbaarheid daarvan bestaan nie. Indien die gelde die lid geregtig maak op dienste of publikasies wat gedurende die lidmaatskaptermyn verskaf moet word of om goedere of dienste te koop teen pryse wat laer is as dié wat nielede moet betaal, word dit erken op 'n grondslag wat die tydsberekening, aard en waarde weerspieël van die voordele wat voorsien word.

A12. Gelde uit die ontwikkeling van pasgemaakte programmatuur

Gelde uit die ontwikkeling van pasgemaakte programmatuur word as inkomste erken met verwysing na die stadium van voltooiing van die ontwikkeling, met inbegrip van voltooiing van dienste wat vir dienssteun ná aflewering gelewer word.

A13. Dienskosse

Daar is twee gewone tipes dienskosse: uniformekoers-dienskosse en dienste gebaseer op verbruik. Uniformekoers-dienskosse het betrekking op die heffing van 'n vaste bedrag vir die lewering van dienste, ongeag verbruik (byvoorbeeld die basiese bedrag gehef vir die verwydering van huishoudelike vullis). Verbruikgebaseerde dienskosse is gegrond op die verbruik deur verbruikers/gebruikers (byvoorbeeld die verbruik van water).

Uniformekoers-dienskosse en verbruikgebaseerde dienskosse behoort erken te word wanneer:

- (a) dit waarskynlik is dat die ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat met die transaksie verband hou, na die entiteit sal vloei; en
- (b) die bedrag van die inkomste betroubaar gemeet kan word.

Verbruikgebaseerde dienskosse wat deur munisipaliteite verdien word, is gewoonlik gegrond op meterlesings. Waar meterlesings dikwels gedoen word, kan die inkomste betroubaar gemeet word. Dit is egter algemene praktyk dat entiteite meters kwartaalliks of minder dikwels lees. Verbruikers word gefaktureer op grond van ramings van verbruik waar daar gedurende die fakturerings tydperk geen meterlesing geneem is nie. Hierdie fakture is die beste ramings en maak dit moontlik om inkomste betroubaar te meet. Ideaal gesproke behoort interne rekords gehou te word ingevolge waarvolgens werklike verbruik vergelyk word met geraamde verbruik om bykomende versekering te bied dat beduidende

AERP 9

aansuiwerings nie nodig sal wees om oormatige ramings terug te skryf nie. Daar kan verwys word na die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* vir riglyne oor die rekeningkundige hantering van veranderinge in rekeningkundige ramings.

Verkoop van goedere

A14. "Faktureer-en-hou"-verkope, waarvolgens lewering op versoek van die koper uitgestel word, hoewel die koper eiendomsreg neem en fakturering aanvaar

Inkomste word erken wanneer die koper eiendomsreg neem, mits:

- (a) dit waarskynlik is dat lewering sal geskied;
- (b) die item voorhande, geïdentifiseer en gereed is vir lewering aan die koper op die tydstip wanneer die verkoop erken word;
- (c) die koper spesifiek die uitgesteldelewering-opdragte erken; en
- (d) die gewone betalingsvoorwaardes van toepassing is.

Inkomste word nie erken wanneer daar bloot 'n voorneme is om die goedere betyds vir lewering te verkry of te vervaardig nie.

A15. Goedere wat onderhewig aan voorwaardes versend word

(a) *Installering en inspeksie*

Inkomste word normaalweg erken wanneer die koper lewering aanvaar en installasie en inspeksie voltooi is. Inkomste word egter onmiddellik by die koper se aanvaarding van lewering erken indien:

- (i) die installasieproses eenvoudig van aard is, of
- (ii) die inspeksie slegs uitgevoer word vir doeleindes van finale vasstelling van kontrakpryse.

(b) *Op sig, indien die koper 'n beperkte reg van teruggawe beding het*

Indien daar onsekerheid oor die moontlikheid van teruggawe bestaan, word inkomste erken wanneer die besending formeel deur die koper aanvaar is of die goedere gelewer is en die tydperk vir afkeuring verstryk het.

(c) *Besendingsverkope waarvolgens die ontvanger (koper) onderneem om die goedere namens die versender (verkoper) te verkoop*

Inkomste word deur die versender erken wanneer die ontvanger die goedere aan 'n derde verkoop.

(d) *Kontant-by-aflewering-verkope*

Inkomste word erken wanneer lewering geskied en die verkoper of sy agent die kontant ontvang.

A16. Bêrekoop-verkope waarvolgens die goedere slegs gelever word wanneer die koper die finale paalement in 'n reeks paalemente betaal

Inkomste uit sulke verkope word erken wanneer die goedere gelever word. Indien dit egter uit ervaring blyk dat die meeste van daardie verkope afgehandel is, kan inkomste erken word nadat 'n wesenlike deposito ontvang is, mits die goedere voorhande is, geïdentifiseer is en gereed is vir lewering aan die koper.

A17. Bestellings waar betaling (of gedeeltelike betaling) vooruit ontvang word vir aflewering van goedere wat tans nie in voorraad gehou word nie, byvoorbeeld goedere wat nog vervaardig moet word of wat deur 'n derde direk aan die klant gelever sal word

Inkomste word erken wanneer die goedere aan die koper gelever word.

A18. Verkoop- en terugkoop-ooreenkomste (uitgesonderd ruiltransaksies) ingevolge waarvan die verkoper terselfdertyd instem om dieselfde goedere in 'n later stadium terug te koop, of waar die verkoper 'n koopopsie het om terug te koop, of die koper 'n verkoopopsie het om op die terugkoop van die goedere deur die verkoper aan te dring

Die bepalinge van die ooreenkoms moet ontleed word om te bepaal of die verkoper in wese die risiko's en belonings van eienaarskap aan die koper oorgedra het en inkomste gevolglik erken word. Indien die verkoper die risiko's en belonings van eienaarskap behou het, al is die wetlike eiendomsreg oorgedra, is die transaksie 'n finansieringsooreenkoms wat nie aanleiding tot inkomste gee nie.

A19. Verkope aan tussenpartye soos verspreiders, handelaars of andere vir herverkoop

Inkomste uit sulke verkope word in die reël erken wanneer die risiko's en belonings van eienaarskap oorgegaan het. Indien die koper egter in wese as 'n agent optree, word die verkoop as 'n besendingsverkoop behandel.

A20. Intekengeld op publikasies en vergelykbare items

Indien die betrokke items in elke tydperk van vergelykbare waarde is, word inkomste oor die tydperk waarin die items versend word, op 'n reguitlynggrondslag erken. Indien die items van tyd tot tyd in waarde varieer, word inkomste erken op grond van die waarde van verkope van die item wat versend word in verhouding tot die totale geraamde verkoopwaarde van alle items wat deur die intekening gedek word.

A21. Afbetalingsverkope waarvolgens die teenprestasie in paalemente ontvangbaar is

Inkomste wat aan die verkoopprijs toeskryfbaar is, rente uitgesluit, word op die verkoopdatum erken. Die verkoopprijs is die bestaande waarde van die teenprestasie wat bepaal word deur verdiskonting van die paalemente wat teen die toegerekende rentekoers ontvangbaar is. Die rente-element word met gebruik van die effektiwerentekoersmetode as inkomste erken na gelang dit verdien word.

A22. Aanvangsgelde

'n Kontraktuele reëling kan die betaling van gelde by aanvang vereis, wat die klant dan toelaat om goedere oor 'n tydperk aan te koop. By die bepaling van wanneer die verkoper inkomste moet erken wat aan die gelde toeskryfbaar is, moet vasgestel word of die gelde en die vorderings vir goedere onafhanklik van mekaar funksioneer al dan nie. 'n Voorbeeld daarvan sou die munisipale elektrisiteitsaansluitingskoste wees wat deur die verspreider gehef word en op alle nuwe elektriese dienste toegepas word.

Die gelde en die koste vir goedere kan dikwels tesame die verkoper se opbrengs op die kontrak in die geheel voorsien. Dit kan byvoorbeeld die geval wees indien betaling van die gelde die klant aanspraak gee op die koop van goedere of dienste teen laer pryse as wat andersins betaalbaar sou wees. In hierdie omstandighede moet die verkoper die gelde op 'n stelselmatige grondslag as inkomste te boek stel oor die gemiddelde tydperk waarin goedere na verwagting aan die klant verskaf sal word. Voordat die verkoper goedere voorsien, moet hy 'n aanspreeklikheid vir die gelde rapporteer in die mate waarin dit nie by inkomste ingesluit is nie.

Indien daar gedemonstreer kan word dat die verkoper geen verdere verpligtinge ten opsigte van die gelde teenoor die klant het nie, moet die verkoper die gelde as inkomste te boek stel op die datum waarop hy daarop geregtig geraak het. Dit kan byvoorbeeld die geval wees waar daar, ondanks die betaling van die gelde, van die klant verwag word om te betaal vir alle goedere of dienste wat ooreenkomstig die reëling teen die huidige kommersiële koers verskaf word.

A23. Skeiding en koppeling van kontraktuele reëlings

Komponente funksioneer onafhanklik van mekaar

Indien 'n kontraktuele reëling uit verskillende komponente bestaan wat onafhanklik van mekaar funksioneer en 'n betroubare billike waarde aan elke komponent toegedeel kan word, moet die verkoper veranderinge in sy bates of laste en verwante inkomste erken ten opsigte van sy reg op vergoeding vir elke komponent, asof dit 'n individuele kontraktuele reëling is.

Indien betroubare billike waardes slegs aan die onvoltooide komponent(e) toegedeel kan word, moet die billike waarde van die onvoltooide komponent(e) afgetrek word van die totale billike waarde van die kontrak om die inkomstebedrag te verkry wat aan die voltooide komponent(e) toegedeel moet word. Indien betroubare billike waardes nie aan die onvoltooide komponent(e) toegedeel kan word nie, moet besondere sorg aan die dag gelê word dat inkomste vir die voltooide komponente nie ooraangetoon word nie.

Indien betroubare billike waardes nie aan individuele voltooide of onvoltooide komponente toegedeel kan word nie, moet die verkoper veranderinge in sy bates of laste en inkomste vir daardie komponente as 'n enkele, gebondelde, kontraktuele reëling erken. Indien 'n kontraktuele reëling byvoorbeeld uit drie komponente bestaan en 'n betroubare billike waarde slegs aan die tweede en derde komponente gekombineer toegedeel kan word, en nie aan enige komponente individueel nie, moet 'n billike waarde aan die eerste komponent

toegedeel word. Die tweede en derde komponent word dan saam beskou wanneer die punt bepaal word waar veranderinge in hul bates of laste en inkomste, wat aan daardie komponente toegedeel kan word, deur die verkoper erken moet word.

Komponente werk nie onafhanklik van mekaar nie

Indien 'n kontraktuele reëling uit verskillende komponente bestaan wat nie onafhanklik van mekaar funksioneer nie, moet die verkoper hulle saam in rekening bring om die verkoper se nakomng van sy verpligtinge in die geheel in die verkryging van die reg op vergoeding weer te gee.

Rente, tantièmes en dividende of vergelykbare uitkerings

A24. Lisensiegeld en tantièmes

Gelde en tantièmes wat vir die gebruik van 'n entiteit se bates betaal word (soos handelsmerke, patente, programmatuur, musiekkopiereg, meesterplate en rolprente), word normaalweg ooreenkomstig die wese van die ooreenkoms erken. Prakties gesproke kan dit oor die termyn van die ooreenkoms op 'n reguitlyngrondslag geskied, byvoorbeeld indien 'n lisensiehouer die reg het om bepaalde tegnologie vir 'n bepaalde tydperk te gebruik.

'n Oordrag van regte teen 'n vaste bedrag of nieterugbetaalbare waarborg ooreenkomstig 'n niekanselleerbare kontrak, wat die lisensiehouer toelaat om daardie regte vryelik te benut terwyl die lisensieerder geen oorblywende verpligtinge het om na te kom nie, is in wese 'n verkooptransaksie. 'n Voorbeeld hiervan is die Taxi-eienaarsbedryfslisensiegeld (TEBL-geld) wat deur die Departement van Vervoer van taxi-eienaars gehef word om taxibedrywigheide tot 'n spesifieke roete te beperk; hierdie lisensie kan na 'n bepaalde aantal jare hernu word. Nog 'n voorbeeld is visvangheffings betaalbaar aan die Departement van Omgewingsake en Toerisme vir die toestaan van langtermyn- kommersiële visvangregte vir die ordelike ontginning van lewende seehulpbronne. In sulke gevalle word inkomste ten tyde van die verkoop erken.

In sommige gevalle kan dit gebeur dat die ontvangs van lisensiegeld of tantième al dan nie onderworpe is aan die plaasvind van 'n toekomstige gebeurtenis. In daardie gevalle word inkomste slegs erken wanneer dit waarskynlik is dat die lisensiegeld of tantième ontvang sal word, wat normaalweg geskied wanneer die gebeurtenis plaasgevind het.

Erkenning en meting

A25. Bepaling of 'n entiteit as 'n prinsipaal of as 'n agent optree

Volgens paragraaf .13 sluit die bruto invloed van ekonomiese voordele of dienspotensiaal in 'n agentskapsverhouding bedrae in wat namens die prinsipaal ingevorder is en wat nie toenames in netto bates vir die entiteit tot gevolg het nie. Die bedrae wat namens die prinsipaal ingevorder word, is nie inkomste nie. In plaas daarvan is inkomste die bedrag van enige kommissie wat vir die invordering of hantering van die bruto vloei ontvang en ontvangbaar is. Om te

AERP 9

bepaal of 'n entiteit as 'n prinsipaal of as 'n agent optree, vereis oordeel en oorweging van alle tersaaklike feite en omstandighede.

'n Entiteit tree as prinsipaal op wanneer hy blootgestel word aan die wesenlike risiko's en belonings wat met die verkoop van goedere of die lewering van dienste verband hou. Kenmerke wat kan aandui dat 'n entiteit as 'n prinsipaal optree, sluit die volgende in (maar is nie beperk daartoe nie):

- (a) die entiteit het die primêre verantwoordelikheid vir die verskaffing van die goedere of dienste aan die klant of vir voldoening aan die opdrag, byvoorbeeld deur verantwoordelikheid te aanvaar vir die aanvaarbaarheid van die produkte of dienste wat deur die klant bestel is of aangekoop is, of deur regtens verantwoordelik te wees vir die verskaffing van bepaalde goedere of dienste;
- (b) die entiteit dra voorraadrisiko voor of ná die klant se bestelling, tydens lewering of by teruggawe;
- (c) die entiteit het beweegruimte met die beapling van pryse, hetsy regstreeks of onregstreeks, byvoorbeeld deur die verskaffing van bykomende goedere of dienste; en
- (d) die entiteit dra die klant se kredietrisiko vir die bedrag wat van die klant ontvangbaar is.

'n Entiteit tree as agent op wanneer hy nie aan die wesenlike risiko's en belonings wat met die verkoop van goedere of die lewering van dienste verband hou, blootgestel is nie. Een kenmerk wat aandui dat 'n entiteit as 'n agent optree, is dat die bedrag wat die entiteit verdien, voorafbepaald is, hetsy as 'n vaste bedrag per transaksie of as 'n verklaarde persentasie van die bedrag wat aan die klant gefaktureer word.

Voorbeeld: Plaaslike munisipaliteit X verskaf water aan die verbruikers van distriksmunisipaliteit Y ooreenkomstig 'n reëling wat tussen die twee entiteite getref is. Ooreenkomstig die reëling:

1. stel distriksmunisipaliteit Y die tarief vas wat verbruikers moet betaal vir enige water wat deur plaaslike munisipaliteit X verskaf word. Indien die tarief wat deur plaaslike munisipaliteit X betaal word om die water aan te koop meer is as die tarief wat verbruikers moet betaal, moet distriksmunisipaliteit Y gevolglik plaaslike munisipaliteit X vir die tekort vergoed.
2. Plaaslike munisipaliteit X is verantwoordelik vir sekere verliese:
 - Voorraadverliese en ander verliese ten opsigte van aankope van water wat tydens die lewering van die diens aan die verbruikers van distriksmunisipaliteit Y plaasgevind het, en wat verhoed sou kon word deur middel van toereikende instandhouding van infrastruktuur, of verliese as gevolg van nalatigheid; en
 - Bedrae verskuldig deur verbruikers wat vanweë klantegeskillen as gevolg van onjuiste ramings of fakturering nie invorderbaar is nie.

Ooreenkomstig wetgewing bly distriksmunisipaliteit Y verantwoordelik vir die verskaffing van water aan sy verbruikers.

Ontleding

Plaaslike munisipaliteit X tree namens distriksmunisipaliteit Y as agent op omdat distriksmunisipaliteit Y blootgestel bly aan die wesenlike risiko's van die verskaffing van water aan verbruikers, ongeag die feit dat hy 'n mate van risiko aan plaaslike munisipaliteit X oorgedra het. Spesifiek:

- het distriksmunisipaliteit Y 'n wetlike verpligting om water aan verbruikers binne sy jurisdiksie te verskaf.
- Verkry plaaslike munisipaliteit X water namens distriksmunisipaliteit Y, wat dit dan aan distriksmunisipaliteit Y se verbruikers verkoop teen 'n tarief wat deur distriksmunisipaliteit Y gespesifiseer word. Verliese wat betrekking het op water wat vir distriksmunisipaliteit Y gekoop word, uitgesonderd dié wat in die ooreenkoms gespesifiseer word, word deur die distrik gedra.
- Niebetaling deur verbruikers aan distriksmunisipaliteit Y vir water wat deur plaaslike munisipaliteit X verskaf word, uitgesonderd dié wat in die ooreenkoms gespesifiseer word, word deur die distrik gedra.

Voorbeeld: 'n Entiteit tree op as 'n aanlynverkoper van 'n webtuiste waar toerisme-ekskursies geadverteer word. 'n Ontleding van die reëling toon dat hy optree as 'n tussenganger tussen sy klante en die uiteindelijke verkopers van die toerisme-ekskursies en dat hy nie die verkoopprijs vasstel nie. Sy kontrakbedinge behels 'n uitsluiting van enige aanspreeklikheid teenoor sy klante sodra hulle met die uiteindelijke verkopers in aanraking gebring word. Die verkoper word 'n bedrag betaal vir elke klant wat 'n toerisme-ekskursie van 'n uiteindelijke verkoper aankoop en het geen betrokkenheid by die transaksie nadat hy die klant met die uiteindelijke verkoper in verbinding gebring het nie. Die verkoper tree as agent op en sy inkomste moet slegs die gelde insluit wat hy van die uiteindelijke verkoper ontvang.

Voorbeeld: 'n Staatsmedisyneverkooppunt verskaf aan konsessiehouers ruimte om produkte te verkoop en ontvang 'n vaste bedrag aan huurgeld van elke konsessiehouer. 'n Ontleding van die faktore wat in die paragrawe hierbo bespreek is, toon dat die konsessiehouer in 'n uitruiltransaksie met sy klante as prinsipaal optree, en geregtig is op die bedrae wat uit die verkoop van die goedere en dienste ontvang word. Onder hierdie omstandighede moet die konsessiehouer by sy inkomste die bedrae insluit wat ontvang word of ontvangbaar is ten opsigte van die verkoop van die goedere en dienste. Die staatsmedisyneverkooppunt moenie by sy inkomste die waarde van die konsessiehouer se verkope insluit nie.

Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor *Revenue from Exchange Transactions* (Julie 2001)

Die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitruiltransaksies* (AERP 9) is hoofsaaklik ontleen aan die IPSAS oor *Revenue from Exchange Transactions* (IPSAS 9). Die belangrikste verskille tussen die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitruiltransaksies* en IPSAS 9 is soos volg:

- Hierdie Standaard het veranderinge opgeneem wat aan die International Accounting Standard oor *Revenue* (hersien in Maart 2004, April 2008 en April 2009) aangebring is ooreenkomstig die verbeteringsprojek van die International Accounting Standards Board (IASB).
- Die bylae by hierdie Standaard bevat bykomende voorbeelde soos oorgeneem uit die United Kingdom Standard oor '*Reporting the Substance of Transactions: Revenue Recognition*' (November 2003), wat riglyne bied oor die vraag wanneer inkomste vir aanvangsgelde en die aanbidding van inkomste as prinsipaal of as agent erken moet word.
- Hierdie Standaard bevat nie riglyne oor die erkenning van inkomste uit franchisegelde nie, aangesien sodanige transaksies nie algemeen in die Suid-Afrikaanse openbare sektor voorkom nie. Die voorbeeld wat op huurgeld uit behuising betrekking het, is ook geskrap ten einde enige verwarring met die toepassing van die Standaard van AERP oor *Huurkontrakte* te voorkom.
- Die IPSAS oor *Revenue from Exchange Transactions* beskryf die oorblyfsel van die totale bates na aftrekking van die totale laste as "netto bates/ekwiteit", terwyl hierdie Standaard slegs na "netto bates" verwys.
- Die bylae by hierdie Standaard sluit bykomende riglyne in oor rekeningkundige verantwoording vir diensvorderings soos oorgeneem uit die Standaard van AAMRP oor *Inkomste*, terwyl ander voorbeelde uit die Bylae geskrap is.
- Oorgangsbepalings na hierdie Standaard van AERP word anders hanteer as in IPSAS 9.